28/88

251/87

GRIFFIER, HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(APPèLAFDELING)
BIBLIOTEEK 1988 -03- 29 LIBRARY
SUPREME COURT (APPELLATE DIVISION)
REGISTRAR, SUPREME COURT OF SOUTH AFRICA

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPèLAFDELING)

In die saak tussen:

JOHNSON MXOLISI MAKASI — 1ste Appellant

DAVID TEMBA KEKANA — 2de Appellant

JACOBUS KONZI — 3de Appellant

en

DIE STAAT — Respondent

CORAM: GROSSKOPF, KUMLEBEN, ARR et BOSHOFF Wn AR

VERHOOR: 14 Maart 1988

GELEWER: 29 Maart 1988

---

U I T S P R A A K

GROSSKOPF, AR

Die ............

Die drie appellante is in die Provinsiale Afdeling Kaap die Goeie Hoop aangekla van moord, poging tot moord en roof met verswarende omstandighede. Die eerste appellant is net skuldig bevind aan roof met verswarende omstandighede, en is gevonnis tot tien jaar gevangenisstraf. Die tweede en derde appellante is skuldig bevind op al drie klagtes. Die hof (LATEGAN R en twee assessore) het geen versagtende omstandighede ten opsigte van die moord bevind nie, en die tweede en derde appellante is ter dood veroordeel. Daarbenewens is hulle gevonnis tot tien jaar gevangenisstraf op elk van die klagtes van poging tot moord en roof, d.w.s., twintig jaar gevangenisstraf vir elk van hierdie twee appellante. Met verlof van die verhoorregter kom al

drie appellante nou in hoër beroep teen hul skuldigbevindinge en vonnisse.

Al die klagtes spruit uit die gebeure van 'n enkele aand, t.w. Donderdagaand 30 Oktober 1986. Op daardie aand was Mnr. en Mev. Louis Hirshon alleen in hul woonstel in Kenilworth, Kaap. Mnr. Hirshon was 79 jaar oud en sy vrou 72 jaar. Ek sal na Mnr. Hirshon verwys as die oorledene, en na Mev. Hirshon as die klaagster.

Wat die aand daar gebeur het is deur die klaagster in getuienis beskryf. Om ongeveer 9 n.m. het die voordeurklokkie gelui. Die oorledene het die voordeur oopgemaak. Die drie appellante, drie jong Swart mans, het binnegekom. Die derde appellant is die seun van die Hirshons

se ...........

se huishulp en het voor hulle grootgeword. Hy het ook by geleenthede vir die oorledene gewerk en het onder meer gehelp om 'n brandkluis in 'n muur in hul woonstel in te bou. Die oorledene het dus nie geaarsel om die deur vir hom en sy makkers oop te maak nie.

Toe die drie appellante inkom, het die eerste appellant op 'n bankie by die voordeur gaan sit. Die appellante het aan die oorledene gesê dat hulle motor gaan staan het. Dit was 'n leuen. Hulle het hom gevra om 'n insleepdiens te bel. Hulle het die nommer aan hom verskaf. Hy het tevergeefs probeer deurkom. Inderdaad was die nommer fiktief. Die oorledene het toe voorgestel dat die drie appellante hul motor by die gronde van die Hirshons se woon-

stel .........

stel instoot. Die klaagster het hierdie voorstel beaam, maar die drie appellante het onder mekaar gepraat, en blykbaar daarteen besluit, want die oorledene het toe ingestem om vir hulle geld vir 'n taxi te gee. Hy het 'n rol note uitgehaal en vir hulle 'n paar gegee. Toe maak hy die voordeur oop en vra die appellante om te loop. Op daardie oomblik het die derde appellant die klaagster, wat 'n entjie weg gestaan het, bespring. Hy het sy vinger in haar oog gedruk. Sy het geskree, en hy het haar gewurg, blykbaar om haar stil te maak. Gedurende die worsteling het hy haar in 'n kleedkamertjie ingestoot. Sy het drie harde houe op haar kop gevoel, en op die grond beland. Die klaagster het toe gemaak of sy dood was, en was waarskynlik in 'n beswyming.

'n ............

'n Rukkie later het sy opgemerk dat die derde appellant weg was. Sy het op haar knieë na die deur van die kleedkamer gekruip en dit gesluit. Vermoedelik het sy toe haar bewussyn verloor. Later het sy bygekom, die venster oopgemaak en om hulp geskree. Hulp het inderdaad 'n rukkie later opgedaag in die persoon van Mnr. Lurie, wat haar hulpkrete in sy woonstel ongeveer 100 meter ver gehoor het.

Dit is duidelik dat die klaagster nie 'n volledige herinnering van die gebeure het nie, want dit blyk dat sy in die loop van die aanranding 26 snywonde opgedoen het. Die oorweldigende waarskynlikheid is dat sy by rukke gedurende die aanranding nie by haar volle bewussyn was nie.

Toe Mnr. Lurie by die woonstel kom, het die erg

beseerde .......

beseerde klaagster die voordeur vir hom oopgemaak. Hy het die woonstel deursoek, maar die aanvallers was weg. Hy het die lyk van die oorledene agter in die gang gevind. Die oorledene het neëntien steekwonde gehad waarvan drie sy dood kon veroorsaak het. Die aanvallers het die woonstel geplunder, en daar was onder meer ŉ video-opnemer gesteel. Hoewel die rowers duidelik ook die kas oopgemaak het waarbinne die deur van die ingeboude brandkas was, het hulle nie die brandkas self oopgemaak nie. Vermoedelik was die oorledene dood voordat hy aan hulle die kombinasie kon gee.

Die getuienis wat ek tot dusver opgesom het staan bo twyfel verhewe en lei myns insiens tot die onweerstaanbare afleiding dat minstens een van die drie appellante na die Hirshons se woonstel gegaan het met die doel om hulle te beroof, soos

inderdaad .........

inderdaad gebeur het. . . Dit is myns insiens ook duidelik dat die persoon of persone wat die oorledene met ŉ skerp instrument gesteek het, die opset, hetsy direk, hetsy by moontlikheidsbewussyn, gehad het om hom te dood. Wat die klaagster betref, was die meeste van haar snywonde oppervlakkig. Dit is egter duidelik dat die aanval op haar bedoel was om haar buite aksie te stel, en daar kan bo redelike twyfel afgelei word dat haar aanvaller besef het dat die toediening van 26 snywonde, al was die meeste van hulle oppervlakkig, saam met die ander geweld wat op haar toegepas is, hierdie 72-jarige vrou nie net bewusteloos kon maak nie maar moontlik, of selfs waarskynlik, haar dood sou veroorsaak. Dit is dus myns insiens duidelik dat die drie misdrywe wat die

appellante ......

appellante ten laste gelê word, t.w. moord op die oorledene, poging tot moord op die klaagster, en roof met verswarende omstandighede, wel deur iemand gepleeg was. Die enigste vraag is of elk van die appellante se skuld bo redelike twyfel bewys is. Ek behandel hulle een vir een.

Die eerste appellant het getuig dat hy die aand besig was om te studeer toe die derde appellant hom oorreed het om ʼn bier saam met hom te gaan drink. By die drinkplek het die derde appellant hom gesoebat om saam met hom en die tweede appellant na Wynberg-stasie te gaan om die derde appellant se vriendin daar te ontmoet. Hy het ingestem en hulle is per taxi soontoe. Die vriendin het egter nie opgedaag nie, en die derde appellant het toe voorgestel dat hulle

na ........

na haar werkplek gaan. Onder hierdie voorwendsel het die eerste appellant saam na die Hirshons gegaan. Tot sy verassing het no 3 daar die leuens vertel waarna ek hierbo verwys het, en ook die klaagster aangeval. Volgens no 1 het no 3, na sy aanval op die klaagster, vir no 2 aangesê om die oorledene te steek, en het no 2 gehoor gegee. No 1 was toe so geskok, getuig hy, dat hy onmiddellik weggehardloop het. Dit is egter gemene saak dat hy saam met die ander twee appellante (en die gesteelde video-opnemer) per taxi terug na hul wonings in Guguletu was. Die video-opnemer was in no 1 se oorjas toegedraai, maar hy het getuig dat hy die oorjas 'n week voor die insident aan die derde appellant geleen het. Dit is ook gemene saak dat die eerste appellant teenwoordig

was .........

was daardie aand toe daar by 'n huis in Guguletu gepoog is om van die video-opnemer ontslae te raak. Die eerste appellant sê egter dat hy in die motor bly sit het, en nie geweet het wat die ander appellante in die huis gaan maak het nie.

Die hof *a quo* het die eerste appellant se getuienis verwerp en bevind dat hy met die ander appellante saamgesweer het om die Hirshons te beroof. Die waarskynlikhede steun hierdie bevinding. Dit is, soos reeds gemeld, duidelik dat daar 'n vooraf beplande roof op die Hirshons was. Dit is skaars denkbaar dat no 2 en no 3, as hulle die enigste samesweerders was, 'n niksvermoedende no 1 saam met hulle sou geneem het. Daarbenewens was sy optrede toe hulle by die

Hirshons ..........

Hirshons kom ook onversoenbaar met die rol wat hy vir homself toegedig het. Hy het saam met die ander na binne gegaan, en op 'n strategiese punt by die voordeur gaan sit. Na die roof was hy weer saam met die ander twee appellante en hul buit. Die moontlikheid dat hy 'n onskuldige toeskouer by die roof was, lyk te gering om ernstige oorweging te verg.

Wat die eerste appellant se geloofwaardigheid betref, het die hof a quo bevind dat hy "onder kruisverhoor nie 'n baie goeie figuur geslaan het wat sekere aspekte van sy getuienis betref nie". Hierdie bevinding skyn, na 'n deurlees van die oorkonde, geregverdig te wees.

Ten opsigte van die eerste appellant se geloofwaardigheid is daar twee verdere aspekte waarop gelet kan

word .........

word. Ten eerste, het hy voor die verhoor 'n verklaring gemaak aan 'n landdros. Die eerste deel daarvan lui soos volg:

> "Die rede waarom ek hier gekom het om u te sê wat gebeur het is dat ek nie hierdie ding uit my eie gedoen het nie, maar dat ek deur ander mense 'gepush' is om dit te doen. Ek wil ook verder sê dat ek nie gesteek het nie en selfs het hierdie mense my nie gesê wat gedoen gaan word nie. Want op die dag van die voorval het hierdie mense gekom terwyl ek my boeke gelees het en gesê ons moet loop. Ons het toe na Muizenberg gegaan en by aankoms daar vra ek toe wat eintlik hier gedoen moet word. Hulle het my nie gesê wat daar gedoen gaan word nie, maar het gesê ons moet gaan en ons het toe die plek bereik."

In hierdie verklaring het die eerste appellant voorgegee dat hy nie geweet het vir watter doel hy na Muizenberg (sic) geneem was nie. In sy getuienis het hy egter vertel dat dit die onskuldige doel was om no 3 se vriendin te besoek. Hier-

die .........

die verduideliking kom as 'n nagedagte voor.

Daar het 'n taxi-bestuurder, Duna, getuig dat hy op 'n tydstip wat kort voor die roof moes gewees het, die drie appellante van Guguletu na Wynberg geneem het. Volgens sy getuienis is hy by hul aankoms in Wynberg gevra om in 'n rigting weg van die stasie en in die rigting van die oorledene se woonstel te ry. Volgens hom het hy die appellante naby die woonstel afgelaai. Hierdie getuienis werp ook twyfel op die eerste appellant se weergawe dat hulle eers na Wynberg-stasie was.

Weens die voorgaande meen ek dat die verhoorhof ten volle geregtig was om die eerste appellant se getuienis te verwerp en te bevind dat hy 'n volle medepligtige in die

roof ..........

roof was.

Die basis waarop die verhoorhof die eerste appellant op die ander klagtes onskuldig bevind het, blyk uit die volgende passasie uit die uitspraak:

> "Beskuldigde nr 1, was geargumenteer deur die Prokureur-generaal, het saamgesweer met nrs 2 en 3 om die mense te gaan beroof. In ons oordeel is die Prokureur-generaal reg, maar in ons oordeel is die Prokureur-generaal nie reg wanneer hy sê dat nr 1 saamgesweer en inderdaad voorsien het dat sy makkers hierdie mense gaan doodmaak nie. Vir ons is dit van groot belang om daarop te let dat anders as in nrs 2 en 3 se geval, beskuldigde nr 1 nie bewese ŉ wapen by hom gehad het of bewese bewus was daarvan dat 2 en 3 wapens het nie. Waar ons wel kan aanvaar dat beskuldigde nr 1 en ons inderdaad aanvaar dat beskuldigde nr 1 saamgesweer het om die roof te pleeg is dit vir ons nog net so redelik moontlik ook om uit hierdie omstandighede af te lei dat hy

> dit slegs as 'n rooftog met geweld wat daarmee gepaard gaan voorsien het en hom daarmee vereenselwig het, maar dat dit nie bewys is dat hy voorsien het dat hierdie mense in die proses doodgemaak gaan word nie."

Dit is dus duidelik dat die eerste appellant nie onskuldig bevind is omdat sy getuienis aanvaar is nie, maar bloot omdat die Staat nie bewys het dat hy 'n wapen gehad het, of geweet het dat die ander appellante 'n wapen gehad het nie. Hierdie aspek kom weer ter sprake by die appèl van die tweede appellant.

Om terug te keer na die skuldigbevinding aan roof: weens die bogemelde redes meen ek dat hierdie skuldigbevinding onaanvegbaar is. Ek meen ook nie dat daar enige gronde bestaan om in te gryp met die vonnis van tien

jaar .........

jaar gevangenisstraf nie.

Dit bring my dan by die tweede appellant. Dit blyk dat die tweede appellant op 1 November 1986 ŉ verklaring aan ŉ vrederegter, Luitenant D.Segal, gemaak het. Die verklaring lui soos volg ("Mxolisi" in die verklaring is die eerste appellant en "Cobus" die derde):

> "Late on Thursday when I returned from work. Fristly I should mention that I do private jobs. I repair T.V's and wirelesses.
> On my return from work, I found that I had to repair a radio cassette.
> Whilst I was still busy with the cassette, a friend of mine arrived by the name of MXOLISI.
> We sat together. I was busy repairing the radio cassette and engaged in a conversation with him.
> We remained there for about an hour. Whilst we sat, another friend by the name of COBUS came and we carried on with our conversation and he told us about his mother's place of

employment ......

employment.

Though he did not actually say so, I became of the opinion that he needed money and told us his mother's employer had money and said if we would go there, we would get the money.

He then advised us as to how to gain entrance.

We did not believe this. He then begged us and explained to us and he managed to convince us that we will in fact get the money.

As anybody else, we were also tempted.

I did not complete the repairs I was busy with.

He said we should go whilst it is still early.

We then boarded a taxi and went to that place.

We got there and stood a metre or so from the door and he had to go and knock as he is known at this place.

He knocked, the door was opened and they saw him.

We then went in. When we got in, he asked for taxi money. An European male took out R2,00 and gave it to Cobus.

Cobus then pounched (sic) on that man's wife and grabbed hold of her and when she screamed or cried, he tried to close her mouth.

Her husband was shocked and went in their direction and we were then compelled to grab

hold .........

hold of him.

We then at that stage demanded money of him.

He refused because he realized his wife had been stabbed and because we thought that Cobus is known there, we were also compelled to stab him.

So, as to obliterate any traces we then stabbed him.

Now thinking of the cry or shouting which had happened earlier before this we panicked and took a video from there and ran out and boarded a taxi.

Nobody took any notice in the taxi. We then went as far as the location.

We then hid the video.

Mxolisi went home. Cobus had to sleep at my place. We slept and about 3 o'clock then the 'Boers', rather put Police.

They came in and gave us orders to dress. We then went up to the car where Cobus mother was as well as Cobus sister.

The younger brother to Cobus came with the police and knocked. We then all got into the car and were then all taken to NY 46 where one of my friends live.

They got in and returned with him.

And from there we were taken to Bishop Lavis.

That is all."

Toe die Staat hierdie verklaring in getuienis aangebied het, het die tweede appellant beswaar gemaak teen die toelating daarvan op grond daarvan dat dit onder dwang gemaak was. Daar het toe 'n verhoor binne 'n verhoor gevolg. Ten spyte van beswaar deur die tweede appellant se advokaat, het die assesore aan die verrigtinge deelgeneem kragtens art. 145 (4)(b) van die Strafproseswet, no 51 van 1977. Getuienis is namens die Staat gelei, en die tweede appellant het self getuig. In sy getuienis het hy hom nie beperk tot die beweerde dwang op hom nie, maar het ook getuienis op die meriete gelewer. Aan die einde van die verhoor binne 'n verhoor is die verklaring toelaatbaar bevind. Hierdie bevinding word nie aangeveg nie, en dit is gevolglik nie vir

my ..........

my nodig om al die getuienis oor hierdie aspek te oorweeg nie. Na sommige van die getuienis kom ek egter later vir ander doeleindes terug.

Later in die verhoor, nadat die eerste appellant sy saak gesluit het, het die volgende gebeur:

"MR LOUBSER: M'Lord, I am instructed to inform Your Lordship and the Learned Assessors that the accused number 2 is of a view that since he was not believed during his explanation of what occurred on the evening of the 30th, that he will not be believed again if he gives the same explanation as he has in the court and he elects therefore not to give evidence and he closes his case.

COURT: I suppose you explained to him that that is entirely, was an entirely different matter and that it doesn't necessarily mean that he may not be believed when he comes to give that evidence again.

MR LOUBSER: I have explained to him, M'Lord,

and ...........

and he feels that he has given his evidence and he is not believed, that is exactly as he would give now again, were he to get into the box, which would clearly be contrary to the statement which Your Lordship has found admissible.

COURT: You are his adviser, are you telling me that he is closing his case?

MR LOUBSER: He is closing his case, M'Lord."

Die posisie aan die einde van die saak was dus dat die tweede appellant by die verhoor binne ŉ verhoor getuig het, maar nie op die meriete nie. Voor hierdie hof het sy advokaat aanvaar dat die tweede appellant se verklaring toelaatbaar was, maar betoog dat die tweede appellant die verklaring afgelê het onder omstandighede wat hom verwar het, en dat die verklaring dus nie betroubaar was nie. Daarbenewens is betoog dat die relaas wat die tweede appellant in

die ..........

die verhoor binne 'n verhoor oor die aand se gebeure gegee het, in aanmerking geneem moet word vir doeleindes van 'n besluit oor sy skuld.

Die tweede appellant beroep hom dus nou op getuienis wat bloot oor die kwessie van toelaatbaarheid aangebied is. Hy wil dit egter gebruik om die hof se bevinding op die meriete aan te veg. Hierdie prosedure is duidelik nie toelaatbaar nie. Afgesien van die teoretiese besware daarteen, is daar die praktiese posisie dat die eerste en derde appellante nie 'n geleentheid gegun was om die tweede appellant gedurende die verhoor binne 'n verhoor te kruisvra nie, en dat die prokureur-generaal, wat namens die Staat verskyn het, sy kruisverhoor beperk het tot wat hy as relevant beskou het

tot ..........

tot die toelaatbaarheid van die verklaring. So het hy feitlik geen vrae gestel oor die tweede appellant se relaas van wat die aand van die roof gebeur het nie, en dit is juis hierdie getuienis waarop die tweede appellant nou wil staatmaak.

Die hof a quo het die tweede appellant skuldig bevind op grond van sy verklaring, met inagneming daarvan dat hy "verkies het om geen verduideliking in getuienis te gee nadat hierdie verklaring teen hom toegelaat is nie". Ten spyte van hierdie bevinding het die tweede appellant geen aansoek gerig om verdere getuienis te lewer nie. Daar kan geen twyfel bestaan, soos ek later in meer besonderhede sal aantoon, dat die tweede appellant se verklaring op gesigs-

waarde ..........

waarde volle regverdiging vir die verhoorhof se bevinding bied nie, en ek kan gevolglik geen fout met die bevinding vind nie. Nogtans, vanweë die besondere erns van die saak, is dit miskien wenslik om tog na te gaan of die getuienis in die verhoor binne ŉ verhoor enigsins afdoen aan die gewig van die verklaring.

Die tweede appellant se getuienis in die verhoor binne ŉ verhoor het begin met ŉ relaas, voorgedra ten spyte van die prokureur-generaal se besware en die verhoorregter se bedenkinge, oor wat die aand van die rooftog gebeur het. Kortweg gestel het die tweede appellant se weergawe tot ŉ groot mate ooreengestem met dié van die eerste appellant. Hy het, soos no 1, vertel hoe die drie appellante eers na die Wynberg-

stasie ..........

stasie gegaan het om die derde appellant se vriendin te ontmoet, maar dat sy nie opgedaag het nie. Toe, sê hy, is hulle op die derde appellant se aandrang na die woonstel van die Hirshons, wat, volgens die derde appellant, sy vriendin se werkplek sou wees. Daar moes die tweede appellant ook tot sy verbasing hoor hoe die derde appellant 'n string leuens aan die oorledene vertel. Hy bevestig dat die oorledene hulle versoek het om die woonstel te verlaat, en dat die derde appellant toe die klaagster aangeval het. Voordat die derde appellant die klaagster in die kleedkamer gestoot het, sê no 2, het die derde appellant die oorledene in die rigting van no 1 en no 2 gestoot, en vir hulle gesê om hom vas te hou totdat hy terugkom. No 2 het gemaak soos hy beveel was.

Na ...........

Na 'n rukkie het die derde appellant teruggekeer en vir no 2 aangesê om geld van die oorledene te eis. Weer eens het no 2 gehoor gegee, maar no 3 was nog nie tevrede nie, en het no 2 beveel om die oorledene te dreig. No 2 het sy mes uitgehaal en geld van die oorledene geëis. Dit het no 3 ook nie tevrede gestel nie, en hy het die tweede appellant aangesê om die oorledene te steek. No 2 het die oorledene een steekwond op die skouer gegee. Daarna het no 1 hom geroep, en hy het skielik besef dat hy verkeerd doen. No 2 het toe vir no 3 gesê dat hulle moet ophou, maar no 3 was bereid om op sy eie voort te gaan. No 2 het weggehardloop. Later het hy en no 1 weer vir no 3 by die taxi-staanplek gevind, en die drie van hulle was saam terug na Guguletu toe met die gesteelde ........

steelde video-opnemer.

Die tweede appellant se weergawe gaan mank aan baie van dieselfde gebreke as dié van die eerste appellant. In sy geval ook het hy in die hof eers vertel van die beplande ontmoeting met no 1 se vriendin by die Wynbergse stasie. Hoekom no 3 twee vriende sou saamneem om sy vriendin te ontmoet, en hulle dan onder valse voorwendsels na 'n woonstel sou neem waar hy die twee ou mense wou beroof, is moeilik om te verstaan. Die getuienis van die taxi-bestuurder, Duna, oor waar hy die appellante in Wynberg afgelaai het, is nie weerspreek nie, en tel teen die appellant se weergawe. Dit is ook moeilik om te verstaan hoekom no 2 saam met no 3 by die woonstel sou ingegaan het, en hoekom hy so geredelik toegestem ............

stem het om die oorledene te dreig en aan te rand. Verder is dit onwaarskynlik dat die drie appellante mekaar later bloot toevallig weer ontmoet het, en die tweede appellant het nie ondubbelsinnig ontken dat hy by was toe hulle van die video-opnemer wou onslae raak nie. Alles in ag geneem is die tweede appellant se weergawe ewe onindrukwekkend as die eerste appellant s'n. In argument voor ons is betoog dat die eerste appellant se getuienis ten dele deur die hof aanvaar is, en dat dit stawing bied vir die tweede appellant se weergawe. Hierdie betoog berus op 'n mistasting: soos ek reeds aangedui het, was alle aspekte van no 1 se getuienis wat vir no 2 behulpsaam kan wees, deur die verhoorhof verwerp.

Die ernstigste beswaar teen die tweede appellant se getuienis is egter

dat ...........

dat dit teenstrydig met sy verklaring was. Hoe het hy dit probeer te bowe kom? Die tweede appellant het getuig dat hy kort na sy inhegtenisname op 31 Oktober 1986 gevra is om 'n verklaring te maak oor die moord in Kenilworth. Hy het nie geweet waarna die polisie verwys nie, vermoedelik omdat hy nie geweet het dat een van die Hirshons dood was nie, en het dus geweier. Volgens hom het die polisie hom toe gemartel om hom te oorreed om te praat. Na 'n ruk het hy uiteindelik besef dat hulle na die Hirshons verwys, en toe was hy heeltemal bereid om alles te vertel - trouens, hy sou van die begin af bereid gewees het as hy geweet het waaroor dit gaan. Die polisie het toe opgehou om hom aan te rand, en meer as vier-en-twintig uur later is hy na Luitenant Segal

geneem ..........

geneem om 'n verklaring te maak. Alles wat luitenant Segal neergeskryf het, gee die tweede appellant toe, het van hom gekom, en niks is aan hom voorgesê deur die polisie nie. Dit is korrek getolk. Vanweë die marteling wat hy vroeër ondergaan het, sê hy, was hy egter verward, en het dinge verkeerd of uit verband gesê.

Dit is nie nodig om die getuienis oor die beweerde marteling in besonderhede te behandel nie. Dit word nou toegegee dat dit nie die vrywilligheid van die verklaring beïnvloed het nie, en Mnr. Laubscher, wat namens die appellant opgetree het, het nie beweer dat die tweede appellant enige liggaamlike beserings opgedoen het wat sy vermoë om 'n samehangende verhaal te vertel, aangetas het nie. Trouens, die getuienis van Dr. Stoch

en .........

en Dr. Visser, wat albei die appellant twee dae later gesien het, asook die getuienis van die polisie-getuies, waaronder luitenant Segal self, laat duidelik blyk dat die tweede appellant se getuienis oor die beweerde marteling, ten beste vir hom, erg aangedik was. Hierdie getuies is deur die verhoorhof as geloofwaardig beskou, en ek het geen rede om hiermee te verskil nie.

Sou daar dan enige rede gewees het waarom die tweede appellant se geestestoestand, in teenstelling tot sy fisiese toestand, sodanig was dat hy nie 'n behoorlike relaas kon lewer nie? Hy gee te kenne dat hy bang was vir verdere aanrandings, maar dit kan tog nie waar wees nie. Hy het geen rede gehad om te vermoed dat die weergawe wat hy in die hof gegee het, en

wat ..........

wat hy sê die waarheid is, nie volkome aanvaarbaar vir die polisie sou wees nie. Trouens, hy sê ook nie dat hy die saak vir homself swarter geskilder het omdat hy gedink het die polisie sou dit so verkies nie. Sy enigste verduideliking wanneer hy in 'n hoek kom is dat hy verward was. Ek vind dit heeltemal onoortuigend.

Weens die voorgaande meen ek dat die tweede appellant se getuienis in die verhoor binne 'n verhoor nie 'n redelike twyfel geskep het oor die betroubaarheid van sy verklaring nie. Hierdie gevolgtrekking bied verdere regverdiging vir die verhoorhof se aanvaarding van die verklaring as grondslag van die tweede appellant se skuldigbevinding.

As 'n mens die verklaring ontleed, bevat dit

eerstens ŉ duidelike erkenning dat die drie appellante saam beplan het om die Hirshons te gaan beroof, en dat hulle dit inderdaad gedoen het. Wat die moordklag betref, sê no 2 in die verklaring dat, nadat no 3 die klaagster aangeval het, die oorledene hulle gevolg het "and we were then compelled to grab hold of him. We then demanded money from him". Die oorledene het geweier om geld te gee, en omdat no 3 aan die Hirshons bekend was, "so as to obliterate any trace we then stabbed him". ŉ Duideliker erkenning van moord kan skaars bedink word. Dit is ŉ onvermydelike afleiding dat no 2 besef het dat die klaagster ook omgebring sou moes word "so as to obliterate any trace".

Die verklaring bevat dus duidelike erkennings

dat ............

dat die tweede appellant deelgeneem het aan al drie misdrywe waarvan hy aangekla was, en hy was myns insiens tereg op al drie klagtes skuldig bevind.

Geen gronde is na my mening aangevoer om die verhoorhof se bevinding oor versagtende omstandighede, of die vonnisse op die klagtes van roof en poging tot moord, te bevraagteken nie.

Ten slotte is daar die derde appellant. In die loop van die verrigtinge het die derde appellant drie verskillende weergawes van die gebeure tydens die roof gegee. Eers het hy op 1 November 1986 ŉ verklaring voor landdros N.H.Jones gemaak. In hierdie verklaring het hy vertel dat hy saam met die ander twee appellante sy vriendin in Wynberg

sou ..........

sou ontmoet, maar dat sy nie opgedaag het nie. Hulle het toe na die Hirshons gegaan om treingeld te leen. Die oorledene het hulle R3,00 gegee, maar no 1 was nie hiermee tevrede nie. No 1 het toe die klaagster bespring, en no 2 het die oorledene verwurg. No 3 het net staan en kyk. No 2 het toe ŉ mes uitgehaal en die oorledene gesteek. No 3 het egter geen aandeel gehad in die aanranding of roof nie.

Later, in sy pleitverduideliking, het no 3 heeltemal ŉ ander weergawe gegee. Toe het hy gesê dat hulle die ou mense om geld gevra het, en dat die oorledene hulle R2,00 gegee het. No 3 was nie hiermee tevrede nie maar die klaagster wou nie gehad het dat die oorledene vir hulle enigiets meer gee nie. No 3 het haar toe gegryp en met ŉ

mes .......

mes gesteek, hy dink vier keer. Hy het besef dat hy die klaagster kon dood deur haar te steek. Hy het niks aan die oorledene gedoen nie, en weet nie hoe hy beseer geraak het nie. Hy erken dat hy deelgeneem het aan die neem van die video-opnemer.

In sy getuienis was die derde appellant se weergawe weer anders. Hy het nog vertel dat hulle tevergeefs vir sy vriendin gewag het, en dat hulle toe na die Hirshons gegaan het om geld vir hul vervoer te kry. Hy sê dat hulle geklop het, en toe die oorledene oopmaak, het die derde appellant aan hom gesê dat hulle geld vir 'n taxi benodig. No 1 het egter gesê dat hul motor gebreek het, en vir Mnr. Hirshon gevra om 'n insleepdiens te bel. Op

no 1 ...........

no 1 se aandrang het no 3 toe ook hierdie leuen vertel. Daarna stem sy weergawe wesentlik ooreen met dié van die klaagster, tot op die punt dat die oorledene vir hulle gevra het om te vertrek. Op daardie stadium, sê die derde appellant, het die eerste twee appellante vir hom gesê dat hy nog geld van die oorledene moes kry. Die klaagster het toe gesê: "Kobus is there anything else that you want, can't you leave?" Toe sê no 1 vir hom om die klaagster aan te val sodat no 1 en no 2 die oorledene kon beroof. No 3 doen dit toe, en stoot haar in die kleedkamer. Sy het geskree. Terwyl sy skree het no 1 na die kleedkamer gekom, vir no 3 'n mes gegee, en hom aangesê om die klaagster te steek om haar stil te maak. No 3 het haar toe drie of vier

keer .........

keer gesteek. Toe hy klaar was, het no 1 weer sy mes kom haal. No 3 het toe na die voordeur gegaan, en die verwonde oorledene in die gang sien lê. Die ander twee appellante was besig om die woonstel te plunder. No 3 het uitgegaan, en die ander twee het hom gevolg. Die eerste appellant het die video-opnemer gedra.

Nie alleen het die derde appellant bogemelde drie teenstrydige verklarings gemaak nie, maar, het die verhoorhof bevind, hy "het opsigtelik hier in getuienis onder kruisverhoor gelieg en telke male vrae ontwyk of probeer ontwyk waarmee hy deur die advokate vasgekeer was." Ek stem met hierdie bevinding saam. Daarbenewens was die weergawe wat hy in getuienis gegee het, uiters onwaarskynlik.

Onder ..........

Onder meer klink dit ongelooflik dat no 1 sommer op sy eie aan die oorledene leuens sou vertel, en dat no 3 daarby sou inval; en dat hy bloot op no 1 se aandrang die klaagster sou aanval. Al waarvan 'n mens uit die derde appellant se verklarings en getuienis seker kan wees, is dat hy teenwoordig was by die roof en onder meer die klaagster met 'n mes gesteek het.

Uit die getuienis as geheel blyk dit dat die derde appellant inderdaad 'n onontbeerlike rol in die gebeure gespeel het. Hy was, soos die verhoorhof dit uitdruk, die sleutel om toegang tot die woning van die Hirshons te kry. Hy was die een wat geweet het dat daar waardevolle artikels in die woonstel was, en wat op die Hirshons se vriendskap jeens hom staatgemaak het om met leuens die woon-

stel ..........

stel binne te kom. Toe die oorledene vir die appellante gevra het om die woonstel te verlaat, was dit die derde appellant wat onmiddellik op die klaagster gespring het. Hy sou dit nie gedoen het tensy hy geweet het dat sy makkers die oorledene sou oorrompel nie. Aangesien die Hirshons hom goed geken het, kan ŉ mens redelikerwyse die afleiding maak dat die plan van meet af aan was dat albei van hulle doodgemaak sou word sodat hulle hom nie kon uitken nie. Hoe dit ook al sy, selfs al was dit nie die oorspronklike bedoeling nie, moes die derde appellant minstens geweet het dat die beplande aanval op die oorledene tot sy dood sou kon lei, en het hy hierdie moontlikheid op die koop toe geneem. Hy is dus mede-skuldig aan die moord op die oorledene. Wat

die ..........

die klaagster betref, het hy geweet dat selfs die paar messteke wat hy by die pleitverrigtinge erken het, haar dood kon veroorsaak. Des te meer het hy dus besef dat die 26 wat inderdaad toegedien is, noodlottig kon wees. Na my mening is hy gevolglik tereg skuldig bevind aan poging tot moord op haar. Dat hy 'n deelnemer aan die roof was, spreek vanself.

Dit volg dus dat die derde appellant na my mening tereg skuldig bevind is op al drie klagtes. Myns insiens bestaan daar ook geen gronde om in te gryp by die verhoorhof se bevinding oor versagtende omstandighede, of oor die vonnisse op die klagtes van poging tot moord en roof nie.

Bygevolg word die appèlle van al drie appellante van die hand gewys.

E M GROSSKOPF, AR

KUMLEBEN, AR
BOSHOFF, Wn AR } Stem saam